# FAITH SOLDIERS








**Maak nie saak wat jou agtergrond is nie:**

Vanwaar jy kom nie.

Vir wie jy stem nie.

Wat jou posisie is nie.



Hier is niemand wat **PROBLEME** kan ontduik nie.

Die mense wat jou haat...het probleme..

Die mense wat die grootste sukses behaal....het probleme..

Jy is dalk jaloers op suksesvolle mense en droom dalk om ‘n lewe soos hulle te hê..
Hulle gaan dalk nie deur waardeur jy gaan nie..
Maar...!! **almal** in hierdie lewe het probleme..

## Ek het al gehoor:

Enkel-lopende mense sê as **ek** net met iemand kan trou.
Getroude mense sê as **ek** tog net enkel-lopend kan wees


## Mense met gewigs probleme.

Maer mense (**DRINK**) gewig AAN..
Vet mense (**DRINK**) gewig Af..

## Tog kan jou **probleem** ook 'n **doel** hê

VOOR **JY** NOU **JOU** PROBLEEM ..
Bestraf..
Of die bloed daaroor pleit..

As God ***dit toelaat*** om met **jou** te gebeur...
Sal God dit tot **jou** ***voordeel*** laat wees..




**KYK NA:**
Ester.
Josef
Gideon.

**2 Konings 5:1 AOV**

En **Naäman,** die leërowerste van die koning van Aram (Sirië) was ‘n groot man voor sy heer en **hoog in aansien**; want deur hom het die HERE aan die Arameërs ‘n oorwinning gegee; en die man was ‘n dapper held,

Naä
man




**MAAR**

melaats.

# ONS ALMAL HET ‘N MAAR:

**2 Konings 5:2 AOV**

En die Arameërs het in bendes uitgetrek en uit die land van **Israel** ‘n **KLEIN DOGTERTJIE** as gevangene weggevoer wat in diens van **Naäman** se vrou gekom het.



Hierdie spesifieke teks is nie geskryf vir ‘n:

KONING of PROFEET nie:

Dit is geskryf vir ‘n (soldaat) in die weermag van (Sirië)

Die (KJ) Bybel noem hom:

**:CAPTAIN OF THE HOST:**

En hier is God se Gees besig met hierdie soldaat se diepste innerlike menswees.


Hy was ‘n man wat aan die **BUITEKANT** in sy gevegs-uitrusting intelligent en suksesvol was.

**MAAR**

**BINNE**

hy was

melaats.



Ek wonder hoe sou dit wees as ons mekaar kon sien waar ons gevegs-uitrusting afgehaal is:

Daar waar jy alleen by jouself is:

**Naäman was nie net 'n soldaat nie.**

Hy was 'n kaptein..

Hy het opdragte gegee..

Hy het sy rang verdien op die gevegsfront met sy swaard en leierskap..

Hy het respek verdien hy het dit nie verniet gekry nie...

Hy was vol bloed op die oorlogsveld...

Hy die guns van die Koning van Sirië gehad...

Hy het Israel oorwin sodat  Sirië kon vry-kom...

Dit was a.g.v sy gevegs-vaardighede wat...
Die jong seuns aan sy lippe gehang het.
Die groot mans het hom gerespekteer.

MAAR Naäman was **melaats**.



BINNE sy weermag uniform was hy siek...terwyl al sy medaljes BUITE aan sy uniform geskitter het.

Ek wonder soms hoeveel van **ons** loop rond met ontwerpers klere spesiaal gemaak vir elke okasie..

MAAR




Wat steek **ons** weg onder al daai spesiale fabriek gemaakte materiaal.

Maäman was melaats..

Na ‘n dag in die stad en by die weermag basis tussen sy soldate moes hy elke aand as hy by sy huis gekom het en sy uniform uitgetrek het..

**..GEDEEL HET MET IETS WAARVAN NIEMAND GEWEET HET NIE..**

**NIEMAND WEET WAARMEE JY DEEL AS JY ALLEEN BY JOU HUIS IS NIE.**

**Nie die mense by jou werk nie...**

**Nie die mense by jou kerk nie...**

**Nie die mense oorkant die pad nie...**

**Soms nie eers jou familie nie...**

**Nie een van hulle weet waarmee jy deel agter toe deure nie:**









**Ek** wil nie net 'n God dien wat **my** ken met **my** wapenrusting aan **NIE.**

**Ek** wil 'n God dien wat **my** ken agter toe deure.

Hier het **ek** krag.. Hier het **ek** **NIE** krag **NIE.**

Hier het **ek** mag.. Hier het **ek** **NIE** mag **NIE.**

Hier is **ek** goed.. Hier is **ek** **NIE** goed **NIE.**







**Naäman het geen mediese hulp gehad nie..**

**Naäman het geen medikasie gehad nie..**

**Naäman het nie 'n hospitaal gehad nie..**



**Hoe kan ek so magtig wees dat ek enige weermag kan aanvat en verslaan..**
**Dat ek die lot van 'n land kan verander.**

**Maar ek kan NIKS vir myself doen nie.**

**Hoe kan ek goeie advies AAN ANDER mense gee.**

**Maar ek het GEEN ANTWOORDE en OPLOSSINGS vir my eie probleem nie.**

Moet asb vir niemand vertel **ek** is **melaats** nie:

## As dit moet uitkom:

Kan **ek** my posisie verloor.
Kan **ek** my salaris verloor.
Kan **ek** my status verloor.
Kan **ek** my.....



Hulle sal **my** nie toelaat om 'n kaptein te wees as **HULLE** weet **ek** is **melaats** nie.

Weet **jy** wat maak die samelewing met.....

**melaatses.**

**Melaatsheid** is **1** ding:

Maar die **"stress"** is 'n ander ding.






**Jou** toestand is **1** ding..wat dit ookal mag wees.

Maar die

**"stress"**

om **jou** toestand weg te steek..

Hierdie toestand van melaatsheid vreet jou op deur jou vel en eet jou stukkie vir stukkie op.

## Maar nog erger:

Die "druk" en die "stress" om hierdie stank weg te steek.

**Maar met die genade van God kon Naäman die reuk..**

Vir die regering wegsteek..

Vir sy soldate wegsteek...

Vir sy vriende wegsteek..



Net vanaand as hy by sy huis gekom en al die blink uniform uit-getrek het..

**HET HY BESEF HOE SWAK HY WERKLIK IS.**

Al wat nog geweet het was **bediendetjie** wat in sy huis gewerk het.

Dit is die 1 ne..tjie wat hulle gevang het en huis toe gebring het toe hulle teen Israel gaan oorlog maak het..

**WAS DIT DALK?**

Dat die gevangenskap van hierdie dogtertjie ‘n vloek oor die kaptein se huis gebring het.

Of dalk het dit God so kwaad gemaak dat Hy dit toe-gelaat het.



**As Naäman sy weermag uniform uit-getrek het..het hy nie om-gegee as hierdie klein dogtertjie dit sien nie.**

**WANT WIE WAS SY NOU "ANYWAY"**

**Sy het nie mag nie..**

**Sy het nie geld nie..**

**Sy het nie status nie..**

**Sy het nie 'n land nie..**

**Sy is 'n slaaf..**

**'n Israeliese vrou en dit nog 'n (klein dogtertjie) onder die reëls van Sirië was NIKS.**



**Wie is jy ...**

**Wat maak dit saak as jy sien..**

# SOLDAAT VAN GOD:

As God jou wil seën … seën Hy jou:
Maak nie saak wat ander se SIENING oor jou is nie.



En waar jy is nie...
En wat jy is nie...
En wie jy is nie..
En hoe oud jy is nie..



**Weet jy dat jy geseënd is.. "anyhow"**
**jy mag dit dalk nie nou sien nie.**

Jy sien dit nie in jou familie nie..
Jy sien dit nie in jou gemeente nie..
Jy sien dit nie by jou werk nie..
Jy sien dit nie by jou skool nie...
Jy sien dit nie....

Maar in haar eie – reg het hierdie..

..klein dogtertjie..

Meer MAG as Naäman GEHAD.



Naäman was “magtig” oor **WAT** hy **GEDOEN HET.**



Die klein dogtertjie was “magtig” oor **WIE** sy **GEKEN HET.**



## En **WIE** jy ken

## sal altyd **”triomf”** in **WAT** jy doen.

Maar kyk wat doen hierdie..

**..klein dogtertjie..**

Sy het die volste reg gehad om kwaad te wees.

Sy is weggeruk van haar familie..
Sy is weggeruk van haar vriende..
Sy is weggeruk van haar kultuur..
Sy is weggeruk van haar land...



Sy was weggevat as ‘n slaaf..
Sy was behandel as ‘n slaaf..

Sy het die volste reg gehad om die hom te los laat hy **vrot..**

**MAAR..**

Die **WARE TOETS** van

**“karakter”**

is wat **jy** doen met

**“mag”**





Dit is nie wat **jy** met

**“swakheid”**

doen nie want

**“swakheid”**

het geen **opsies** nie.

Die **WARE TOETS** is:

Wat **jy DOEN** met **DIT** as **jy**

die **VOORDEEL** het.

Wie sou ooit kon dink dat die lewe van ‘n kaptein..

**:CAPTAIN OF THE HOST:**

In die hande van ‘n bediende (wat ‘n slaaf ) was sou beland.

Sy was nie eers die hoof van die bediendes nie.
Sy was maar net (‘n klein dogtertjie”) wat soos
‘n slaaf in Naäman se huis gewerk het.

Weg van haar ouers..
Weg van haar boeties en sussies..
Weg van haar land..
Weg van haar taal..

**MAAR**

sy was **(klein)** van **(BUITE)**
maar **(groot)** van **(BINNE)**



En God het dit toegelaat dat Naäman die **1** gevange neem wat die (genesing) vir sy toestand het.

**Hierdie (teks) leer my:**

Dat die antwoord vir **my** probleem erns in **my** huis is.

**Ek** hoef nie uit te gaan om die antwoord te gaan soek nie....dit is by **my.**

God sal die antwoord op **jou** probleem binne **jou** bereik plaas.









Sy was in gevangene met ‘n goddelike opdrag..
Sy het ‘n probleem gehad..

**MAAR.**



Haar probleem het ‘n **DOEL** gehad.

Hulle dink hulle het **HAAR** teen **HAAR** **WIL**...
Maar dit was nie teen **GOD** se **WIL** nie...

God het ‘n **DOEL** vir **HAAR** in **HAAR** probleem.

**Spreuke 16:9 ANV**
'n **MENS** beplan sy **PAD**,
maar die **HERE** bepaal hoe hy **LOOP**.

**Ons sê dit:**
Tot ons voetstappe ons **in “pyn”** invat.

## Tot ons voetstappe ons:

In ‘n egskeiding invat.

In ‘n skandaal invat.

As die Here jou voetstappe rig dat dit

**OPGAAN**

is dit “great”

Maar wat van as jou voetstappe

**AFGAAN**

“WoW”

**Is Hy net jou God in die “goeie” tye..**

**of..**

**Is Hy ook jou God in die “slegte” tye..**

**Hoor hier:.**

**Naäman en die (klein..slaaf..dogtertjie) ..**

**WAS IN DIESELFDE POSISIE..**



**Sy was in 'n plek waar sy nie kon "UITKOM " nie.**
**EN SO WAS HY.**



**Probleme het die vermoë om**

**..mense bymekaar te bring..**

**Wat andersins nooit bymekaar sou uitkom nie.**

Al 2

**Hy** en **sy** word **"GEVANGENE"** gehou deur **IETS**.

**Sy** kyk na **hom** en dink: As **ek** net soos **hy** kon wees..





Eet wat ek wil..

Gaan waar ek wil..

Slaap wanneer ek wil..

En **hy** kyk na **haar** en dink: As **ek** net soos **sy** kon wees.





So opgewek.

So gesond..

En soos **hy** sy wapenrusting een aand uittrek

MOET **SY 'N BESLUIT** MAAK

Sal **ek** die man help wat **my** **"gevangene"**

.. hou..of...sal... **ek...**

Dit is ‘n besluit wat **ons** almal **1** of ander tyd moet maak.

Sal **ek** die **1** help wat **MY “GEVANGENE”** hou...


..of..

Sal **ek** terug sit en kyk hoe **HY “STERF”**

As die verkeerde (bediende) gevangene gehou was sou Naäman gesterf het..

1 Wat haat..
1 Wat wou wreek..
1 Wat verbitter was..
1 Wat nie genade gehad het nie..






Sou **sy TERUGGEHOU** het wat **sy KON** gedoen het..

Die probleem met **TERUGHOU wat jy KAN** doen.



As jy **TERUGHOU** wat jy
**“KON”**
doen..





Sal God **TERUGHOU** wat Hy
**“KAN”**
doen..

Jy is nie meer **werd AS** die **SEËNINGE** wat jy **SOEK**..

...**AS** die **SEËNINGE** wat jy **WEERHOU** nie.

As **jy** nie **“GENADEVOL”** kan wees nie..
Sal **jy** ook nooit **“MAGTIG”** kan wees nie.

**Jou** groortste toets ooit sal wees:
HOE HANTEER **JY** DIE WAT **JOU** TE NA KOM:

# JESUS WYS ONS HOE:



Die (dogtertjie) sê:

Mnr. Naäman **ek** sal **jou** kan help.

# Ek ken ‘n profeet in Israel..

En hy sal **jou** kan gesond maak.

Maar...Maar...Maar...wag eers..

**Jy** moet bereid wees om na die land toe te gaan wat **jy** nou net verslaan het.

**Jy** gaan moet deel met ‘n land wie se mense **jy** doodgemaak het.

Dit was goed dat **jy** nie almal doodgemaak het nie want **1** van hulle het die oplossing vir **jou** genesing.

**Die werklike toets vir jou Naäman is:**

# HOE GRAAG WIL JY DIT HÊ?

**Sal jy Sirië verlaat..**
Dit wat vir jou bekend is..
Dit wat jou alles offer..

Om dit te los wat jy liefhet:
Om na 'n plek toe te gaan wat jy haat..
Israel ..Wie jy aangeval het..
Israel ..Wat jy verwoes het..
Sal jy Israel toe gaan om **GESOND** te word.



**Naäman sê:**
**Ek SAL** na die koning toe gaan en hy sal 'n brief skryf..
vir die koning van Israel.

**Hierdie 2 lande is nou in 'n staat van tydelike vrede.**

**En die koning van Sirië sê vat die brief en gaan na die koning van Israel..**

**HIERDIE BRIEF HET AMPER 'N NASIONALE RAMP VEROORSAAK.**

**Want die brief vra die koning van Isreal om iets te doen wat ver bo die koning se vuurmaakplek is.**
**Iets wat hy nie kan hanteer nie.**

**2 Konings 5:7 ANV**

Toe die koning die brief gelees het, het hy sy klere geskeur en gesê: "Is ek dan God wat mense laat sterwe of aan hulle die lewe gee dat hierdie man iemand na my toe stuur om hom van sy melaatsheid gesond te maak?

**Dit moet vir julle duidelik wees hy soek net skoor met my."**

**2 Konings 5:8 ANV**

**Elisa die man van God het te hore gekom dat die koning van Israel sy klere geskeur het en het 'n boodskap aan die koning gestuur: "Hoekom het u u klere geskeur?**

**LAAT NAÄMAN NA MY TOE KOM,**

**sodat hy kan besef dat daar 'n profeet in Israel is."**

**Dit is amper iets soos :**

**Ek het hierdie 1 koning**

**"los hom vir my"**

Wat God Naäman wou leer is:

**Jou GENESING ..!!**

Is **NIE** in jou status **NIE..**
Dis **NIE** in jou bankbalans **NIE..**
Dis **NIE** in die uitvoer van jou pligte **NIE..**

**Jou GENESING..!!**

Is in jou

# .NEDERIGHEID.

# GOD SÊ:

Ek sal dit vir jou doen as jy **LUISTER** na die (dogtertjie) wat jy as ‘n (slaaf) aanhou.

Ek sal dit vir jou doen as jy na ‘n land toe gaan benede jou stand .

**Naäman..**

Jy wil nog steeds OPGAAN om jou GENESING te soek tussen

**Konings en Leiers..**

Terwyl God jou GENESING gesit het tussen

**Slawe en profete.**

Die pad **UIT** is dalk **NIE**
die **RIGTING** wat
jy **GEDINK** het dit is **NIE**.

- Jy is in 'n paleis wat jou nie kan GENEES nie..
- Jy dra klere wat jou nie kan help nie.
- Jy ry met karre wat nie die probleem kan oplos nie.

**EN DIE WAARHEID IS:**

God sit jou **VERLOSSING** in 'n plek waar jy jouself moet

# NEDERIG KRY

as jy bereid is om te gaan.

God het **NIE** belowe om jou **VRY** te **MAAK** in jou **WOONGEBIED** waar jy **GEMAKLIK** is **NIE.**

Of deur mense wat jou **KULTUUR** met jou deel nie.

Jy sal dalk moet bereid wees om

**(PAAIE TE KRUIS)**

om te **KRY** wat jy **NODIG** het.

Maar die vraag bly staan :

# HOE GRAAG WIL JY DIT HÊ?

As ek so na dit kyk:

Is die melaatsheid nie 'n AANVAL van satan nie...
maar 'n SKUIF van God....

.....'n skuif van God om die kaptein op 'n plek te kry..

Waar hy in sy volle (skeppings- doel) kan leef..
Waar hy die (DEUR HOM) kan verander na die (IN HOM) nederigheid...

Nou..
In JOU lewe..

**NEDERIGHEID werk net as die MAGTIGE voor dit BUIG:**

Die **vrou** wat in owerspel betrap is: Toe **sy** **BUIG...**
Toe **David** besef wat hy gedoen het: Toe **hy** **BUIG..**
**JESUS EK EN JOU JESUS**
**In** die tuin van Getsemsne: Toe **Hy** **BUIG..**

**Waar ook al mense**

# (NEDERIG WORD)

**doen God vir hulle iets:**

**WANNEER DIE MAGTIGE HOMSELF VEROOTMOEDIG.**

Hoe **kry** jy iemand soos Naäman om te **dien**.

Naäman was in ‘n posisie waar hy:
BEVELE **GEGEE** HET”
EN **NIE** BEVELE **GEVAT** HET **NIE**:

Nou moet Naäman nie net **BEVELE VAT**
van ‘n ander land se mense nie….

...maar ook van ‘n (dogtertjie) wat hy as ‘n (slaaf) aanhou.

**LUISTER MOOI:**

Van julle sou **“NOOIT”** hier gewees het as dit nie vir
**OMSTANDIGHEDE**
was wat jou op jou knieë gedwing het nie.

# DIT IS 'N HONGER IN JOU GEES WAT JOU HIER HET:

Wat dit ook al vat
OM JOU **VREDE** TE GEE..

Wat dit ook al vat
OM JOU **GESONDHEID** TE GEE..

Wat dit ook al vat
OM JOU **DEURBRAKE** TE GEE..

Wat dit ook al vat
OM JOU **BLYDSKAP** TE GEE..

Wat dit ook al vat
OM JOU **KALMTE** TE GEE..

Wat dit ook al vat
OM DEUR DIE **NAG** TE KAN **SLAAP**..

Wat dit ook al vat
OM MY ‘N **DOEL** TE **GEE**..

Wat dit ook al vat
OM DIT **REG** TE **MAAK**..

Ek sal doen

# “WHATEVER”

**DIT VAT** om in die **KERK** te kom.

Dit is nie wat **"EK"** doen nie.
Dit is wat die **"LEWE"** doen.

**1 Johannes 5:12 ANV**
Wie die **Seun** het, het die **LEWE**;
wie nie die Seun van God het nie,
het ook **nie** die **LEWE** nie

Die **LEWE** laat jou Sondag môre uit die bed uit opstaan
OM DIE WOORD TE HOOR..

Die **LEWE** laat jou van ver af ry soos hierdie naweek
OM DIE WOORD TE HOOR..

Die **LEWE** laat jou langs wit, swart, geel of kriminele sit
OM DIE WOORD TE HOOR..

**SOLANK EK NET DIE WOORD KAN KRY**

En daar gaan Naäman..

..VAN DIE koning van Sirië..
...NA DIE koning van Irael..
........NA DIE profeet..
............en nou staan HY voor die profeet se voordeur

**EN DIE PROFEET KOM NIE EERS UIT NIE..**

Weet jy nie wie EK is nie...

Mense wag vir jare om MY te sien.

EK kom nou net van jou presedent af en jy ou plattelandse pastoortjie maak nie eers jou deur oop nie...

2Konings 5:11 (b) ANV
Naäman sê: "EK het darem gedink hy sou uitkom.."

**2Konings 5:10 ANV**

**Elisa het 'n boodskap (met sy dienskneg) na HOM gestuur:**

**"Gaan was JOU SEWE MAAL in die JORDAAN,**
**dan sal JY GESOND word en REIN wees."**

**Naäman..**
**EK kom van Sirië AF**
**AF.. na Israel...**
**AF.. na die president...**
**AF.. na die profeet...**
**AF.. na die dienskneg...**
**en nou kom die dienskneg en sê vir MY die..**
**:CAPTAIN OF THE HOST:**
**om AF te gaan na die VUIL WATER van die Jordaan rivier en**
**AF te gaan in die water en my 7 X te was..**

Hoor hier soldaat van God:

As JY AFGAAN LAAG genoeg...

As JY bereidwillig is om .LAAG.. AF te gaan...

..IS GOD GEWILLIG OM DAARDIE

# "ISSUE"

IN JOU LEWE TE HERSTEL.

**Lukas 14:11 AOV**

Want elkeen wat homself **VERHOOG**,
sal **verneder** word,
en wat homself **verneder**,
sal **VERHOOG** word.

# EK EN JY WIL GRAAG OPGAAN...

..maar die vinnigste manier om **OP** te gaan..
..is om **AF** te gaan.

Wanneer jy **AFGAAN** ....... sal jy **OPKOM.**

As die saad **AFGAAN** .... sal dit **OPKOM.**

Toe Jesus **AFGAAN** ... toe kom Hy **OP.**



**2Konings 5:12 ANV**

Naäman sê..

Is die **RIVIERE** van Damaskus, die Abana en die Parpar,
nie beter as al die **WATERS** van Israel nie?

**Kan ek my nie daarin was om rein te word nie?"**

So het hy woedend daarvandaan teruggery.

## WAT WIL GOD AFWAS BY NAÄMAN

Is die melaatsheid net 'n refleksie aan die **BUITEKANT** van dit wat hom **VREET** aan die **BINNEKANT.**

Wat **ook al** God uit Naäman wou uithaal..
het hy nie **LAAG** genoeg voor **AFGEGAAN** nie.

**2Konings 5:13 ANV**
Sy **amptenare** het by hom gekom en mooi met hom gepraat:
"Meneer, as die profeet iets **moeiliks** van u verwag het,
sou u dit nie gedoen het nie?
Hoeveel te meer nou dat hy **eenvoudig** vir u gesê het:
**WAS JOU EN JY SAL REIN WEES?"**

**MAAR OMDAT JY JOUSELF MOET VEROOTMOEDIG.**

Nou staan jou **TROTS** in die pad van jou **BESTEMMING:**
Jy is meer gestel op jou **"IMAGE"** as op jou **VERLOSSING**.

EN GOD WIL DIE LAASTE BIETJIE **TROTS** UIT JOU LEWE WAS.

Hier gaan Naäman **IN** die **VUIL** water **IN**

# OM SKOON TE WORD

**om geregverdig te word.**

Hy **VEROOTMOEDIG** homself en word **GEHOORSAAM.**

**JESUS DOEN DIT:**



**Saulus**

**VEROOTMOEDIG homself op die pad na Damaskus en word GEHOORSAAM.**



**Hoekom sit *jy* nog op *jou* perd?**

# HOE GRAAG WIL JY DIT HÊ?

**Hierdie is 'n seisoen:**

- ❑ Van afgaan..
- ❑ Van nederig word..
- ❑ Van op jou aangesig voor Hom bly..

Naäman gaan **AF** **siek** **IN** die Jordaan...

Naäman kom **OP** **siek** **UIT** die Jordaan...

# 6 X

Dis wat satan sê:

**JY** MAAK VAN JOUSELF 'N **"FOOL"**

Los die kerk..

Los jou Christenskap..

Los alles man jy maak van jouself 'n bespotting.

EK IS OP MY **7DE** EN MY LAASTE **AF** IN DIE JORDAAN.

Naäman..
"Ek weet nou, daar is **geen God** op die hele aarde nie behalwe in Israel.
**2Konings 5:15 (c) ANV**

Marta sê:
"Here, hy ruik al, want dit is al die vierde dag."
**Johannes 11:39 (c-d) ANV**

**"Lasarus, kom uit!"**

Ek sê dit ter wille van die mense wat hier rondom staan, sodat hulle **KAN GLO** dat U My gestuur het."
**Johannes 11:42 (b) ANV**

AS GOD
**JOU** UITBRING
SAL **HULLE** WEET
WIE **JOU** GOD IS.

Einde